



Ons eer Nic Fourie se nagedagtenis

Nic Fourie van Streek Kiepersol is op 26 April 2011 oorlede na 'n moedige stryd van vier jaar teen kanker. Hy het feitlik deurgaans behandeling daarvoor ontvang en verskeie operasies ondergaan. Ten spyte hiervan was hy altyd blymoedig en positief. Hy het volstoom gewerk en ook gekamp wanneer dit vir hom moontlik was. So was hy nog verlede jaar in November by die Kersboomsaamtrek kampkommandant waar hy meer as sy kant gebring het. Die foto hiernaas is by dié saamtrek geneem waar hy 'n nasionale meriete-toekenning vir 25 jaar aktiewe lidmaatskap in Sawa ontvang het. Hy het nog sy deel vir die Romanz-funksie op 26 Februarie gedoen en was die aand teenwoordig.

Jacobus Johannes Nicolaas Fourie is op 21 Junie 1939 in Touwsrivier gebore. Hy en Johanna het in Mei 1985 by Sawa aangesluit. Ons harte gaan uit na haar, die kinders en kleinkinders. Mag hulle genade en troos ontvang. Ons eer Nic se nagedagtenis.

(Johann Lemmer)